INHOUD

INLEIDING 1

ONDERWYS

Beheerliggaam 3
Onderwyspersoneel 5
Nie-doserende personeel 6
DFM Ondersteunersklub 7
Leerlingraad 9
Inskrywing en Skoolbywoning 10
Eksamenuitslae 2008 11
Olimpiades 11
Loopbaandae 12

BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

Geestelik

Verenigende Christen-Studentevereniging 13
Skoolverlaterskamp 15

Kultuur

Spraakkuns 15
Vasvra 16
DF Applous 16
Skooltydskrif - *Malherbiet* 18
Koor en Musiek 18
ATKV DF Patatters 19
Kultuur Prysuitdeling 2009 20

Matriektoer 22
Matriekdans 23
Noodhulp 23
Bloedskenk 23
Tienerhelpers 23

Sport

Atletiek 24
Baldans 26
Gholf 27
Hokkie (dogters) 28
Hokkie (seuns) 29
Krieket (seuns) 30
Krieket (dogters) 31
Landloop 31
Muurbal 32
Netbal 32

Rugby 33
Skaak 35
Tennis 35
O.P. Verteenwoordigers 36
Ander Prestasies 37

FINANSIES 40

IN MEMORIAM 41

ALGEMEEN
Gebedsgroep 41
D.F. Malherbe Gedenkweek 41
Oudskoliere 42
Dieter Scholtz Beursskema 42

'N DRINGENDE VERSOEK 43

TEN SLOTTE 43

JAARVERSLAG : 2008/2009

1. **INLEIDING**

Baie dankie vir die voorreg om verslag te kan doen van nog ‘n jaar se bedrywighede - ‘n jaar wat die gebruiklike kwota hoogte- en laagtepunte opgelewer het.

Die oorheersende gevoel wanneer mens op 2009 terugkyk is een van groot dankbaarheid. Dit is en bly ‘n groot voorreg om met soveel pragtige jongmense te mag werk, en te mag glo dat ons skool ruimte bied vir hulle om te ontwikkel, om hulself toe te rus om nuttige landsburgers te wees en dat ons sodoende ‘n bydrae kan lewer in belang van ons mooi land, en in belang van ons Hemelse Vader se Koninkryk. Saam hiermee kon ons ook die afgelope jaar weer die wonderlike positiewe ondersteuning van so ‘n groot aantal ouers en andere ervaar - mense wat DF se belange op die hart dra; mense sonder wie die pad maar baie steil sou gewees het.

Alles was natuurlik nie net maanskyn en rose nie - mens dink onder andere aan

- die wêreldwye ekonomiese krisis wat ons en baie ouers hard geslaan het
- die daling in die getal Afrikaans-sprekende kinders, en die blywende neiging om Afrikaans-sprekende kinders na Engelse skole te stuur
- die gebruiklike klagtes: dissiplinêre probleme geskep deur ‘n klein persentasie kinders en die onbeholpenheid van sommige amptenare in die Onderwysdepartement.

Positiewe sake wat hier gemeld kan word is

1. Die toekenning van sogenaamde “groei poste” aan ons skool - vier ekstra onderwysers wat deur die Departement vergoed word, en wat baie gehelp het om ons finansiële toestand te verbeter. Ongelukkig is dit nog nie heeltemal seker wat in die toekoms met hierdie poste gaan gebeur nie.
2. Die goeie uitslae wat 2008 se Matrieks, as die eerste groep wat die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen geskryf het, behaal het.
3. Die begin van die Dieter Scholtz beursskema
4. Die nuwe nasionale minister van Basiese Onderwys se aankondiging dat van die vereistes ten opsigte van assessering in die UGO stelsel verlig gaan word. Ons hoop dat dit in die praktyk neerslag sal vind en onderwysers in staat sal stel om te konsentreer op dit wat werklik saak maak.
5. Die debatte oor godsdiens-onderrig op skool en die verwikkelinge oor ‘n skool se taalbeleid - die uitspraak in die sogenaamde Ermelo-saak is onses insiens nie die einde van die probleme nie.
6. Die Beheerliggaam se besluit om nie met Xhosa onderrig voort te gaan nie en om in plaas daarvan kursusse in lees- en syfervaardigheid aan te bied.
7. Die begin met die bou van ‘n nuwe rekenaarsentrum.

Samevattend dus: ‘n interessante jaar, maar ‘n jaar waarin daar weer eens, grootliks deur die genade van die Here, oorvloedig rede was om ons almal met groot trots en dankbaarheid te vervul. Ek nooi u uit om hierdie bladsye deur te lees, en glo dat u dan met my oor hierdie stelling sal saamstem.

Moed is weerstand teen vrees;

dit is die bemeestering van vrees
- nie die afwesigheid van vrees nie.
MARK TWAIN

2. **ONDERWYS**

2.1 **BEHEERLIGGAAM**

Daar was ‘n taamlike wisseling aan die begin van dié jaar as gevolg van verhuising (dr. Geyer), bedanking (mnr. Horn) en nie-beskikbaarheid (leerders uit die skool - mevv. Dippenaar en Ferreira).
‘n Tussenverkiesing is gehou, en ná die verkiesing in Junie is die span nou:

Voorsitter:	Prof. J. Greyling
Onder-voorsitter:	Mnr. S. de Ridder
Sekretaresse:	Mev. R. Scholtz
Tesourier:	Mnr. L. Slabbert
Addisionele lede:	Adv. L. Crouse
	Mnr. C. Doubell
	Dr. D. van Rensburg
Skoolhoof:	Mnr. P. Hauman (ex officio)
Personeelverteenwoordigers	Mnr. D. Bezuidenhout (opvoeders)
	Me. C. Killian (opvoeders)
	Mnr. C. Scriven (nie-opvoeders)
Leerderverteenwoordigers:	Ruan Koen, Alida Senekal

Dankie aan diegene wat uitgetree het: dr. Geyer, mnr. Horn, mevv. Dippenaar, Ferreira en Vosloo, mnr. Potgieter en die leerders, Jacomien Hauman en Rikus van Eeden. ‘n Spesiale dankie aan dr. Geyer wat ‘n baie bekwame voorsitter was en aan mev. Crouse wat as voorsitter waargeneem het tot die verkiesing gehou is. Dankie ook aan past. J. Kannemeyer, wat as gekoöpteerde lid gedien het.

‘n Bosberaad, gefasiliteer deur mnr. Koeloe Landman, is gehou om te besin oor die pad vorentoe.

Ons kon voortgaan met die werk waarvoor ons verkies is, en kan die volgende noem:

- Gereelde vergaderings (asook dagbestuur- en komitee-vergaderings) met bespreking en oorweging van komitee-verslae as belangrike agenda-punte
- Dissiplinêre verhore
- Finansiële beheer, en deurlopende pogings om nie-betalende ouers op te volg
- Aandag aan die fisiese geriewe, met die nuwe rekenaar-sentrum as ‘n belangrike ontwikkeling

Die Mercedes Benz projek moes ongelukkig gestaak word weens gebrekkige ondersteuning, wat sekerlik die gevolg was van die swak ekonomie - die leerdersentrum bly dus nog ‘n droom.

Die besluit van ‘n aantal jare gelede dat die DFMOK getaak word met bemarking, onder andere deur die verkoop van advertensie-borde, is herroep. Die pos van ‘n bemarkingsbeampte is geadverteer, en mev. Mercia Smith is aangestel.

Ons sien verder die invoer van kursusse in lees- en rekenvaardigheid in die plek van Xhosa as ‘n nodige en welkome verwikkeling, alhoewel dit jammer is dat ons leerders nou (voorlopig?) nie meer blootstelling aan ‘n derde taal kry nie.

‘n Belangrike ontwikkeling vanjaar was ook die kontraktering van ‘n maatskappy om ons webwerf te herorganiseer. ‘n Welkome donasie is van ‘n ouer ontvang om dit te finansier, en DF se webwerf is iets om op trots te wees.

Die Beheerliggaam is regtig bemoedig deurdat opgelet word dat daar ‘n baie positiewe “vibe” onder ons ouers is. Dit was onder andere waarneembaar op die dag toe ‘n hele klomp ouers op die terrein kom werk het, maar ook by vele ander geleenthede waar ons as ouers kon saamkom. Ons hoop regtig dat dit voortgesit kan word en dat ons as ‘n span ons skool vorentoe kan vat.

(Prof. J. Greyling)

‘n Mens ontdek nie nuwe lande
sonder dat jy dit waag om die diepsee in te vaar
en die kus vir ‘n baie lang tyd nooit te sien nie.
ANDRÉ GIDE

2.2 **ONDERWYSPERSONEEL**

Skoolhoof:

Mnr. P. Hauman	M.Sc., B.Ed.	- Wiskunde

Adjunkhoof:

Mnr. T.P.A.L. van Wyk	B.A., H.O.D.	- Afrikaans

Departementshoofde:

Mnr.E. Erasmus	B.Comm.(Ed.), B.Ed.	- Handelsvakke
Mev. M. Hanekom	H.O.D. (Ekon.Wet.), B.Ed. (Hons.)	- Handelsvakke
Mev. M. McFarlane	M.A. (Maatsk.), S.O.D.	- Geskiedenis, WGL
Mej. M. Scholtz	B.A. (Hons.), H.O.D.	- Wiskunde, Engels
Mev. P. Vosloo	B.A.(Hons.), H.O.D.	- Toerisme

Onderwysers:

Mnr. D. Bezuidenhout	B.A., H.O.D.	- Engels
Mej. A. Bosch	B.A.Ed. (Sek.), B.Ed., B.Cur.	- Afrikaans
Mej. E. Brits	B.Ed. VOO (NW)	- Wiskunde, WGL
Mej. A. Carstens	H.O.D. (Handel)	- Handelsvakke
Mev. L. du Plessis	B.Min.	- J.O.T.
Mev. D. Griffin	N.Dip.Lib. en Info.Sc.	- RTT
Mev. A. Hobson	B.A., B.Ed. (Hons.)	- Drama, Engels
Mej. E. Jonker	B.A. (Hons.), H.O.D.	- Geografie, Afrikaans
Mej. C. Killian	B.A. (Hons.), H.O.D.	- Engels
Mev. C. Landman	B. Mus.	- Musiek, K&K
Mev. M. Odendaal	B.Sc., H.O.D.	- Wiskunde
Mnr. F. Roets	B.Ed. VOO (NW)	- LW, Wiskunde, WGL
Mev. M. Röth	M.Sc.	- Fisiese Wetenskappe
Mev. A. Rutherford	B.A. (Hons.) N.G.O.S.	- Afrikaans
Mev. L. Sambu	B.Ed., O.D.	- Xhosa
Mnr. L. Sangerhaus	P.O.D., O.D. (Handwerk)	- IGO, Tegnologie
Mev. A.M.B. Scholtz	B.A., H.O.D.	- Engels
Mnr. M.L. Smith	B.A. (Hons.), H.O.D.	- Lewenswetenskappe
Mev. H.E. Steenkamp	M.Mus.,ODMS, UVLM	- Musiek, SW
Mnr. M. van Zyl	B.A., H.P.O.D.	- Lewenswetenskappe
Mev. M. Visser	B.Huish. (Ed.)	- Verbruikerstudies, Tegnologie

Daar het aan die begin van 2009 drie nuwe opvoeders by ons aangesluit: Mnr. Quintus Coetzee, mev. Lana du Plessis en mej. Elaine Brits (in die plekke van onderskeidelik

mev. Van der Merwe, mnre Jacobs en O'Connell). Mnr. Coetzee het aan die einde van die eerste kwartaal bedank waarna eers mev. Amor Jonker (vir 'n kwartaal) en toe mev. Aletta Rutherford dié pos beklee het. Mev. Rutherford het 'n departementele betrekking gekry en verlaat ons aan die einde van die jaar. Mnr. L. Notuku, wat sedert begin 2006 by ons was, het 'n departementele betrekking gekry en het ons in die derde kwartaal verlaat. Mev. Lindelwa Sambu het in die laaste kwartaal dié pos beklee, maar sal as gevolg van die Beheerliggaam-besluit oor Xhosa nie voortgaan nie. Ander bedankings is dié van mev. Du Plessis (ná 1 jaar) en mev. Marietjie McFarlane (ná 9 jaar). Ons sê baie dankie aan dié persone vir alles wat hulle vir en by DF gedoen het. 'n Spesiale dankie aan mev. McFarlane, wat op baie gebiede 'n groot rol gespeel het. 'n Persoon van haar kaliber en met haar kwalifikasies sal moeilik vervang word. Sy het die afgelope jaar ook 'n Departementele departementshoof-pos gehad.

In die Afrikaans- en JOT-poste is onderskeidelik mnr. D. Fouché en mev. L. Stander benoem. Mev. McFarlane se pos moet in 'n Departementele bulletin geadverteer word, en geen tussentydse benoeming is nog gemaak nie.

Die H.B. en M.J. Thom onderwysbeurstoekenning van die FAK is aan mnr. Francois Roets gemaak. By 'n spog-geleentheid in die Paarl is 'n plaket en 'n geldelike bedrag aan hom oorhandig uit erkenning vir sy bydrae tot Afrikaanse onderwys, vir die wyse waarop hy leerders se belange op die hart dra en vir sy bydrae op vak- sowel as op buite-kurrikulêre gebied.

2.3 **NIE-DOSERENDE PERSONEEL**

Die dame wat aan die einde van 2008 in mev. Burns se pos as finansiële klerk benoem is, het toe nie die pos opgeneem nie. Gevolglik moes die vriendelike en hardwerkende Italianer, mev. Burns, maar weer kom uithelp. Die pos is weer geadverteer en mev. Michelle Nelson is aangestel.

Die span lyk dus nou soos volg:

Sekretaresse:	Mev. A. Dunn
Boekhoudster:	Mev. M. Nelson
Administratiewe Assistente:	Mev. F. Keyter
Sport-organiseerder:	Mnr. C. Scriven
Bibliotekaresse:	Mev. Z. Keyser
Bemarker:	Mev. M. Smith
Voorman:	Mnr. H. Potgieter
Terreinwerkers/Skoonmakers:	Mnr. L. Tululu
	Mnr. V. Twenty
	Me. C. Makeleni
	Me. M. Lose

Me. Josephine Stofile het ná 28 jaar by DF vanjaar afgetree - dankie vir so 'n lang dienstydperk! Baie dankie ook aan mev. Marinda Slabbert vir haar onbaatsugtige hulp met die finansies.

2.5 **DFM ONDERSTEUNERSKLUB**

2009 was in baie opsigte 'n moeilike jaar vir die DFMOK. Finansieel het dit moeilik gegaan. 'n Baie groot projek is aangepak en baie ouers en ondersteuners se beursies is ver gerek vir finansiële bystand. 'n Groot kommer vir die DFMOK is die nie-betrokkenheid van die graad 8 ouers van 2009 by al die DFMOK en OOV funksies/projekte. Ons moet geen illusies daaroor hê nie, ons was self daarvoor verantwoordelik.

Bo dit alles was ons nog geseën met goeie vriende en komitee-lede en is ons projek (Die Dek) baie naby aan 100 % voltooi. Ook het ons die voorreg gehad om te doen waarvoor die DFMOK gestig is, naamlik om finansiële hulp te verleen aan behoeftige leerders.

My dank en ook die DFMOK s'n aan mnre. Hauman en Van Wyk vir hul geduld en leiding die afgelope jaar. Ons dank ook aan die Beheerliggaam wat bereid was om ons te ondersteun toe ons kniediep in die moeilikheid was.

Gebeurtenisse - vierde kwartaal:

· Die Dek - Die braaier word tans ingebou en die verfwerk sal volgende jaar afgehandel word. Die dek is operasioneel en die verfwerk rondom die skuifdeur sal binnekort afgehandel wees.

· Finansieel - Ons het die voorreg gehad om saam met donateurs vir 'n Malherbiet finansieel te kon bystaan om die O.P. te gaan verteenwoordig.

· Fondsinsamelings - Daar is tydens die Radio Algoa sokkertoernooi op 22 November 2009 kosverkope saam met die OOV gehou. Hierdie projek het nie duisende rande geïn nie, maar het ons uit die skuld gehou.

DFMOK se finansiëlestaat sal afsluit met 'n positiewe banksaldo van ongeveer R 2 000,00.

2010:

· Finansieel - In beginsel is daar besluit dat die OOV en DFMOK op sekere projekte saam sal werk en die wins deel. Ons glo dat hierdie samewerking tot voordeel van almal sal wees. Verskeie groot projekte word beplan vir volgende jaar se fondsinsamelings.

· Die Dek - Die finale fase, naamlik die vloer, sal vroeg volgende jaar aangepak word en die doelwit is om klaar te wees voor die eerste hokkiewedstryd. Die verfwerk aan die ingeboude braaier sal ook gedoen word.

· Betrokkenheid - Daar sal 'n doelbewuste poging aangewend word om die graad 8 ouers van 2009 saam met die graad 8 ouers van 2010 bymekaar te bring vir die kennismaking funksie. Die hoofdoel sal wees om hierdie ouers aktief betrokke te kry by gebeurlikhede by die skool en by die DFMOK en OOV.

· Inligtingsessie - Ons beplan om volgende jaar 'n inligtingsessie met al die sporthoofde en kultuurhoofde te hou. Die doel hiervan sal wees om die DFMOK se grondwet deur te gee om hulle ondersteuning en samewerking te kry ten opsigte van sekere projekte en 'n kommunikasie kanaal te skep om behoeftige kinders te ondersteun.

(Mnr. Sakkie Dunn)

OOV: Die OOV, onder die bekwame leiding van eers mev. Ilse le Grange en later mev. Ronel Kotze, het vanjaar as 'n komitee van die DFMOK gefunksioneer. Hierdie hardwerkende en geesdriftige groep het baie hard gewerk by onder andere verkope tydens Interskole en tuiswedstryde, die Geesboufees voor Interskole, die Gedenkweek (lesing en kabaret-optrede) en Onderwysersdag. Dis 'n groot voorreg om só 'n span te hê.

Doen julle plig in alles.
Meer as dit kan julle nie doen nie.
Minder durf julle nie doen nie.
ROBERT E LEE

2.6 **LEERLINGRAAD**

Die leerlingraad van 2008/2009, onder leiding van Rikus van Eeden, Emma Kotze (hoofleiers), Neil Louw en Jacomien Hauman (onderhoofleiers), het ’n uiters geslaagde ampstermyn beleef. Groot waardering is deur almal, personeel, ouers en leerders, uitgespreek vir die verantwoordelike wyse waarop hierdie span hulle pligte aangepak en deurgevoer het.

Aan die begin van hulle ampstermyn het die span Staatmakers ‘n opleidingskamp by Thomas Baines Natuurreservaat bygewoon waartydens almal mekaar goed leer ken het. Aspekte soos Samewerking, Probleem-oplossing, Prefekteraad-funksionering, Kommunikasie, Konflikhantering, Groepmoreel en -klimaat is behandel. Die hoofleiers het aan die einde van 2008 ‘n simposium (gereël deur die ATKV) bygewoon. Hierdie opleidingsgeleenthede het as grondslag vir ‘n baie suksesvolle diensjaar gedien .

Groot moeite is deur die Staatmakers gedoen om die nuwe graad 8-leerders tuis te laat voel en hulle ten opsigte van die hoërskool te oriënteer. Ander verantwoordelikhede van die Staatmakers sluit in: hulp met dissipline, die reël van saalbyeenkomste, die byhou van ’n verjaarsdag- en plakboek, die daaglikse hys en stryk van die lands- en skoolvlag, die byhou van datums en kennisgewings op die kennisgewingborde, skakeling tussen personeel en leerders en met ander skole, ens. Die span het ook gesorg dat daar weekliks vars blomme in die skool se voorportaal pryk en met Lentedag is elke personeellid met ‘n ruikertjie verras. Rondom Valentynsdag het hulle sommer ‘n hele rits projekte aangepak. Die span was ook betrokke met die reëlings van die jaarlikse Seestap. Hulle reëlings vir die geesbou tydens Interskole was ook uitstekend en oorspronklik - Nico Malan wonder seker nog steeds wie die bende invallers was. Verder is baie groot moeite gedoen om te sorg dat ons skoolhoof ‘n onvergeetlike verjaardag gehad het.

Hierdie Staatmakerspan het op vele terreine en by verskeie geleenthede die skool se naam hoog gehou en met groot eer gedien. Ons eer hulle daarvoor en dank hulle opreg vir hulle onbaatsugtige diens aan die skool en gemeenskap.

Ons kan opreg trots wees op so ’n span!

Die Staatmakerspan het uit die volgende lede bestaan:

Nicola Alberts ***Zandi Loots***
Amari Annandale ***Neil Louw***
Zené Annandale ***Divan Marx***
Meake Brown ***Willem Naudé***
Nicolene de Jager ***Marné Nel***
Christiaan de Klerk ***Lindie Petzer***
Genevéve Deyzel ***Marco Potgieter***
Carien Gerber ***Ulrïch Rademeyer***
Llewelyn Grobler ***Gerhardus Röth***
Jacomien Hauman ***Jeannè Scholtz***
Jaco Herion ***Wilmie Scholtz***
Reginald Hufkie ***Annika Theron***
Emma Kotze ***Rikus van Eeden***
Philip le Grange ***Juandré van Heerden***
Jani van Wyk

(Mnr. E. Erasmus en mev. P. Vosloo)

2.7 **INSKRYWING EN SKOOLBYWONING**

Die onderstaande gegewens toon ons gemiddelde inskrywings en die skoolbywoningsyfer.

	2005	**2006**	**2007**	**2008**
Gemiddelde inskrywing	608	586	566	552
Persentasie bywoning	96,1 %	95,2 %	96,4 %	95,3 %

(Mnr. A. van Wyk)

Niemand kan jou sonder jou toestemming
minderwaardig laat voel nie.
ELEANOR ROOSEVELDT

2.8 **EKSAMENUITSLAE 2008**

Graad	Aantal kandidate	Aantal druipelinge	Slaagpersentasie
8	103	7	93,2 %
9	125	8	96,6 %
10	92	6	92 %
11	113	0	100 %
12	116	2	98,3 %
TOTAAL:	**549**	**23**	**95,8 %**

Verlede jaar se matriekklas het nogmaals die hele DF gemeenskap rede gegee om uiters trots te wees omdat hulle weer eens DF se naam as die "Top Akademiese Skool" gestand gedoen het. Daar was 8 van hulle wat met 'n A-totaal geslaag het: Kristine Dutton, Ané Ferreira, Amy Rheeder, Diederik Dippenaar, Jamie-Lee Kriel, Heinrich Basson, Jessica van der Merwe en Anria Kruger. Kristine Dutton is verder aangewys as die topleerder in die P.E. Distrik. Op die merietelys van top 20 in die Oos-Kaap was sy vierde. Baie geluk aan al die leerders, hul ouers en onderwysers.

68,1 % van ons leerders het geslaag met toelating tot die Baccalaureus Graad-, Diploma- of Hoër Sertifikaatstudie. 26,7 % kandidate het met toelating tot 'n Diploma- of Hoër Sertifikaatstudie geslaag. 3,5 % kandidate het met toegang tot Hoër Sertifikaatstudie geslaag. 1,7 % het nie geslaag nie (twee leerders).

(Mnr. A. van Wyk)

2.9 **OLIMPIADES, ENS.**

2.9.1 **Afrikaans Olimpiade**: Soos in die verlede het ons leerders puik presteer. Sewe graad 12-leerders het hierdie nasionale eksamen afgelê en almal het geslaag. Vyf leerders het onder die Top Twintig in die Oos-Kaap geëindig: Jacomien Hauman gesamentlik vyfde, Nicola Alberts en Philip le Grange gesamentlik sesde, Jeannè Scholtz gesamentlik agste en Marné Nel gesamentlik negende.

2.9.2 **Harmony Gold Wiskunde Kompetisie**: Die volgende leerders het na die tweede rondte deurgedring: Clifford Alberts, Toshka Barnardo, Talita Booyens, Liaan Buys, Charl Coetzee, Henri D'Assonville, Liesbet du Toit, Martin Keller, Louis Keyter, Léan Kilian en Eduan Troskie. Joné Smith was onder die top 100 van die provinsie.

NMMU/Amesa Wiskunde Kompetisie: Die leerders wat deur is na die finale rondte, met hul sertifikate, is: silwer - Cornelius Greyling; blou - Lisé Crouse, Liesbet du Toit, Ruben van Staden en Ian van Wyngaardt.

2.9.3 **Capitec Bank Wêreldkennis-Olimpiade**: Elf leerders het in 2009 deelgeneem. Die hoogste punt is behaal deur Henri D'Assonville met 70,59 %.

2.9.4 **English Olympiad**: Die onderwerp was *Dreams, pipedreams, Ambitions and disillusions*. Leerders moes twee kreatiewe opdragte oor dié gedigtebundel voltooi. Jeannè Scholtz het 'n bronssertifikaat verwerf.

2.10 **LOOPBAANDAE 2009**

Die reël van loopbaandae bly 'n effektiewe wyse om inligting oor 'n wye spektrum beroepe aan graad 11 en 12 leerders bekend te stel om hulle by te staan in die uitdagende

taak om ‘n beroepskeuse te maak. Leerders het reeds vroeg in die jaar twee loopbaandae bygewoon. Dit was dié van die Wes-Kaapse Uitstallersvereniging, asook die Inkanyesi-loopbaandag in die Veremarksaal. In Mei het leerders die geleentheid gehad om die NMMU-opedag by te woon.

Die Universiteit van Stellenbosch het leerders op 7 Mei toegespreek oor studie- en beursgeleenthede op Stellenbosch en op 13 Mei het hulle ‘n spesiale aanbieding vir voornemende ingenieurstudente by Grey gehou. Op hulle beurt het NMMU op 6 en 7 Mei ‘n opedag oor studie- en beurs-geleenthede gehou en leerders is aangemoedig om dit by te woon.

Gedurende die derde kwartaal het die *Rocking Future Road Show* veral aan graad 11 en 12 leerders wat plaaslik wil studeer die geleentheid gebied om met verskillende plaaslike instansies, asook ‘n paar ander te gesels. Die Noordwes-Universiteit het ook die graad 11 leerders toegespreek.

Leerders word ook aangemoedig om verskeie instansies se opedae by te woon sodat kennis oor verskillende beroepe ingewin kan word en leerders ‘n meer ingeligte keuse kan maak. Daar is ook baie tyd spandeer om voorligting aan leerders te gee oor beursaansoeke en aansoeke by verskeie tersiêre instellings.

(Mev. M. McFarlane)

3. BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

3.1 GEESTELIK

3.1.1 DIE VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (VCSV)

Die VCSV het ‘n baie bedrywige jaar beleef. Die Bestuur (met Marné Nel as voorsitter) het drie dae voor die skole begin het te Stormsriviermond ‘n kamp gehad. Die doel van die kamp was om mekaar te leer ken en die Here se stem te hoor vir die VCSV van 2009. Die volgende naweek was dit die kringleierskamp te Waverley Hills wat deur mnr. Jacobs gelei is. Einde Februarie was die takkamp wat vanjaar by Zuurberg was en deur 130 persone bygewoon is. Die diensjaarspan wat daar leiding geneem het, was weer van onskatbare waarde. Die Aprilkampe is as gevolg van die baie kampe nie goed bygewoon nie en slegs een leerder het die avontuurkamp te Elandsrivier bygewoon.

Die Paasaand wat die laaste week van die eerste kwartaal gehou is, was werklik iets besonders en het vir elkeen wat daar was geweldig baie beteken. Die leerders het ongelooflik baie moeite gedoen.

Die Laerskool Fonteinprojek was ‘n reuse sukses. Klere, leerboeke, skryfbehoeftes en selfs gordyne is aan die skool oorhandig. Tagtig leerders het ‘n besoek daar gebring en die toilette wat deur ‘n ouer van DF, mnr. Deon Kotze, herstel is, gaan verf. Ander het met die sowat 400 kinders wat ná skool gebly het, gespeel. Wat ‘n gesig! Elkeen van die meer as 800 kinders het egter tydens skooltyd ‘n glas koeldrank en koek gekry. Van die verwers het die Saterdag teruggegaan om die werk te voltooi.

Vrydagaand, 24 April is die basaar, wat elke jaar ‘n hoogtepunt is, gehou. Dit was werklik ‘n besondere belewenis. Nie net is die organisasie en gereedmaak van die saal in ‘n baie goeie gees gedoen nie, maar ook so effektief gedoen dat alles gereed was voordat die basaar moes begin. VCSV-kringleiers het self die stalletjies georganiseer en beman. Kringlede is halfuur-skofte gegee om by stalletjies diens te doen. Dit was baie effektief, aangesien hulle dan ná hul dienstyd ook die ander stalletjies kon ondersteun. Die samewerking van die ouers was ook fenomenaal. Sonder die ondersteuning van ‘n groot getal ouers sou die basaar nie so ‘n sukses gewees het nie. Die langnaweek blyk ‘n uitstekende tyd vir die basaar te wees, aangesien mense meer ontspanne is en leerders nie haastig huis toe is vir sport of leerwerk nie en oud-leerders van elders dit ook kan bywoon. Volgens betroubare bronne is dit die meeste mense wat nog ‘n basaar bygewoon het en dank ons die Here vir R14 890 wat geïn kon word. Die basaar is moontlik uniek in Suid-Afrika. DF moet dit soos ‘n kleinood bewaar.

Die koffiekroeg wat op Vrydag 19 Junie plaasgevind het, het as tema *Around the world in 80 minutes* gehad. Die leerders het elkeen ‘n paspoort gekry en op ‘n *vliegtuig* geklim om met lande regoor die wêreld kennis te maak. Global Challenge het met die uiters opwindende en leersame aanbieding gehelp.

Die Drie-nasie-uitreik na Lesotho, Swaziland en Mosambiek waarheen vier van DF se leerders gegaan het, was besonder geseënd. Nie net moes hulle (Marné Nel, Joné Smith, Annette Greyling en Sharlize Gaybba) ‘n paar paradigma-skuiwe maak nie, maar ook die Here op ‘n besondere manier leer vertrou. Ons loof die Here vir die vrug op hul arbeid en ook die vorming in hul eie lewens. Daar is ook vriendskapsbande gesmee en oral is hulle uitgenooi om weer te gaan.

Ander skole sukkel met hul VCSV-takke. DF het toe aangebied om ‘n gesamentlike byeenkoms vir al die VCSV-takke se besture, vanaf Kirkwood tot by Joubertina, te

reël waar takke kon saamgesels oor wat in hul takke werk, watter probleme hulle ervaar en wat hulle dink die pad vorentoe moet wees. Daar het 81 persone opgedaag en dit was ‘n belewenis om die jong leerders se entoesiasme waar te neem.

‘n Byeenkoms met die skole in Port Elizabeth en omgewing was baie geslaagd en dit was duidelik dat daar nie net by leerders nie, maar ook by onderwysers die behoefte is om weer saam te kom. DF het die leiding daarin geneem en op 2 September is daar ‘n gesamentlike byeenkoms gereël waar ‘n MXit-spesialis die leerders ingelei het hoe om die nuwe gier ook positief vir die evangelie aan te wend.

Tydens die Septembervakansie het 30 VCSV-lede ‘n baie geseënde leierskamp te Jeffreysbaai en avontuurkamp te Elandsrivier bygewoon. Veral die seuns het van groot geestelike seën getuig en daar kan werklik ‘n verdieping in hul geestelike lewe waargeneem word. Dit is ook verblydend dat so ‘n groot aantal leerders die kampe bygewoon het.

Die jaarlikse matriekafskeid was in die tema van Soldaat vir Christus en ten spyte van ‘n twee uur lange kragonderbreking was dit ‘n geseënde aand waarvoor baie moeite gedoen is en wat baie goed deur die matrieks bygewoon is.

Twee seuns, Gerhardus Röth en Juandré van Heerden, gaan van 7 tot 27 Desember saam met Global Challenge op ‘n uitreik Indië toe om daar hard te gaan werk aan verfwerk, ens. asook om met die kinders te speel en geestelike en ander programme met hulle te doen.

(Mev. M. McFarlane)

3.1.2 **SKOOLVERLATERSKAMPE**

Die gebruiklike skoolverlaterskampe is gedurende die Junie-vakansie by Zuurberg en Jeffreysbaai gehou. Matrieks van regoor die Oos-Kaap het bymekaar gekom. ‘n Teleurstellende klein aantal Malherbiete het dit bygewoon, maar dit was volgens hulle weer eens ‘n wonderlike ervaring.

(Mev. L. du Plessis)

3.2 **KULTUURVERENIGING**

Die deelname van so ’n groot aantal DF leerders aan ons kultuur-bedrywighede is in hierdie dae van vervlakkende waardes ’n riem onder die hart. Hul positiewe ingesteldheid en entoesiasme het tot baie mooi prestasies gelei.

3.2.1 **SPRAAKKUNS**

Soos so dikwels in die verlede was 2009 ‘n jaar vol opwinding vir die Redenaars- en Debatsvereniging.

‘n Opleidingsgeleentheid is vir nuwe redenaars aan die begin van die jaar gehou.

Drie senior en een junior het D.F. Malherbe by die ATKV se Nasionale Redenaarskompetisie se streeksuitdunne verteenwoordig.

Mej. Bosch het ook vier keer as beoordelaar in die Oos-Kaapse rondte opgetree.

Ons debatleerders het weer geskitter. Vanjaar het vier junior en ‘n senior span aan die ATKV se Nasionale Debatskompetisie deelgeneem. Die junior span het op 22 Mei die Oos-Kaap in ‘n interprovinsiale debatskompetisie teen die Suid- en Wes-Kaap in Wellington verteenwoordig. Hul harde werk is beloon toe hulle die beste van die Oos-Kaapse skole gevaar het.

Tydens die Interskole teen Nico Malan het die debatspan die debat met meer as 150 punte gewen.

(Mej. A. Bosch)

3.2.2 **VASVRA**

DF leerders het as skool ‘n algemene kennistoets afgelê en die hoogste punt is deur Philip le Grange en Carina Scheepers behaal.

DF het tydens die Interskole teen Nico Malan die beker verower met 44 - 34. Die span het uit Zebeth Glöss, Philip le Grange, Carina Scheepers en Henri D’Assonville bestaan.

(Mej. C. Killian)

Bybelvasvra: Klasse kies hul verteenwoordigers op grond van uitdunne. Hierdie klas-spanne sê mekaar dan die stryd aan in die saal om die klas met die beste Bybelkennis te bepaal. Die 12KI klas was vanjaar se wenners.

3.2.3 **DF APPLOUS**

Vroeg in die jaar het vyf leerders hulleself voorberei om aan die uitdunrondte van Stad Kaapstad Toneelspel-kompetisie vir Hoërskoolleerders deel te neem. Emma Kotze en Amari Annandale is gekeur om aan die finale rondtes by die Kunstekaap Teater in Kaapstad deel te neem. Dit was ‘n puik prestasie, want 558 deelnemers het aan die uitdunrondtes deelgeneem. Emma Kotze het na die tweede rondte van die finaal deurgedring.

Vanaf die eerste kwartaal was die leerders druk besig om aan ‘n aantal eenbedrywe vir die Eenbedryfaand te werk. Vyf toneelstukke is in Mei gedurende die Gedenkweek opgevoer waarvan een deur die leerders self geskryf is. Die regie is deur die leerders self hanteer. Die toneelstukke was van ‘n uiters goeie gehalte. Ongeveer sestig leerders het die gehoor, ‘n stampvol saal, met hulle energieke vertolkings geboei, terwyl dié betrokke by die tegniese sy van sake ‘n baie professionele bydrae gemaak het. Die aand se tema was ‘Chicago’ en tafels is deur leerders wat Verbruikerstudies as vak neem, versier. Dit was dan ook die eerste keer dat die eenbedryfaand deel van die ATKV-Patatters projekte gevorm het. Wat uitgestaan het is die toegewyde houding van leerders en hulle wil om goeie werk op die verhoog te bring.

Drie van hierdie eenbedrywe is vir die ATKV-Tienertoneelfees ingeskryf. Die doel hiermee was om aan soveel moontlik leerders blootstelling aan ‘n toneelkompetisie te gee ten einde ‘n hoë standaard te handhaaf. Die Oos-Kaapstreek se rondte het aan die einde van Julie in die Savoy teater plaasgevind en D.F. Malherbe se toneelstuk *Wie?* het die eerste plek behaal terwyl die stukke *Loop-K-ringe* en *Wat dink jy doen jy?* gesamentlik derde geplaas is. Vier skole het die aand deelgeneem. Elf leerders het silwer sertifikate (80 % - 89 %) ontvang, naamlik vir Regie - Emma Kotze, Jani van Wyk, Zandi Loots, Marné Nel, Marco Markgraaff; vir Toneelspel - Emma Kotze, Zandi Loots, Louis Keyter, Janien Raubenheimer; vir Klank - Jeannè Scholtz en vir Beligting - Nicola Alberts. Die volgende vyftien brons sertifikate (70 % - 79 %) is verower: vir Regie - Ulrïch Rademeyer & Tanya Marais, Amari Annandale, Joné Smith; vir Toneelspel - Amari Annandale, Joné Smith, Darné Claassen, Gavin Botha, Alet du Toit, Tanya Marais, Christo Marx, Carien Gerber, Jani van Wyk, Marco Markgraaff en vir Beligting - Ruan Koen. Die terugvoering van die beoordelaars, Elize Marx en Albert Maritz, was baie positief. Die leerders is definitief DF se trots!

Gedurende die Gedenkweek in Mei het leerders ook ‘n kort en treffende program opgevoer met prof. D.F. Malherbe as die fokuspunt.

DF se toneelstuk *Wie?* is gekies om tydens Aardklop op Potchefstroom aan die finale rondte van die ATKV-Tienertoneel 2009 deel te neem. Hierdie was ‘n uitmuntende prestasie aangesien slegs tien toneelstukke uit die 160 wat landwyd opgevoer is, gekies is om aan die finaal deel te neem. Dit was ‘n goeie leergeleentheid en DF se leerders - Emma Kotze, Jani van Wyk, Zandi Loots, Marco Markgraaff, Marné Nel, Wilmie Scholtz en Nicola Alberts - het met trots deelgeneem.

Die Port Elizabethse Afrikaanse Kunsfees is gedurende Augustus gehou. Twaalf leerders het in verskeie afdelings ingeskryf. Die leerders het soos volg presteer: een het ‘n blou toekenning, ses silwer, drie goud en twee diplomas (goud met lof) verower.

Die graad 12 Dramatiese Kunste leerders het ‘n roerende fisiese teater program as deel van ‘n erediens by die NGK Somerstrand opgevoer. Carina Scheepers het ‘n komiese werk by twee damestees opgevoer. As deel van die graad 10 Dramatiese Kunste praktiese eksamen het die graad 10 leerders hul eie kinderteatertoneelstukke geskep, beplan, gerepeteer en opgevoer. Die twee toneelstukke is vir graad 1 leerders van die Laerskool Setlaarspark opgevoer. Weer eens het die leerders van DF hul baie goed van hulle taak gekwyt en die jong gehoor met hulle werk betower. DF se naam is met trots na buite gestraal.

2009 was inderdaad ‘n baie bedrywige en geseënde jaar op drama-gebied.

(Mev. A. Hobson)

3.2.4 **SKOOLTYDSKRIF : *MALHERBIET***

Die skooltydskrif *Malherbiet* het ‘n besondere jaar beleef. Baie hoë joernalistieke standaard is gehandhaaf en opwindende vernuwing ten opsigte van die inhoud en tegniese prosedures het plaasgevind.

Die redaksiekamp by Seaview het as opleidings-, beplannings-, en motiverende geleentheid gedien. Volgens tradisie is die kamp met ‘n braai saam met die ouers afgesluit.

Die Valentynsbal was sowaar ‘n spoggeleentheid met die tema *‘n Arabiese Droom*. Die spannende Voorafnooi-aande en die opwindende Voorbladnooi en Mnr. Heinz-DF-kompetisie was glansaande en uiters suksesvolle fondsinsamelingsgeleenthede. Die volgende wenners is gekroon: Mnr. Heinz-DF - Elandré Gouws (derde plek), Willem Naudé (tweede plek) en Chris de Klerk (Mnr Heinz-DF 2009); Voorbladnooi - Darné Claassen (tweede prinses), Tanya Marais (eerste prinses) en Aleesha Gerber (Voorbladnooi).

Sonder die hulp en harde werk van elke redaksielid se ouers en die ondersteuning van sakelui uit die gemeenskap sou *Malherbiet* nie kwartaalliks kon verskyn nie. Aan hulle ‘n besondere woord van dank.

Aan elke leerder wat met soveel entoesiasme, ywer, toewyding en kreatiwiteit op die redaksie gedien het, ons opregte dank en waardering.

‘n Groot en opregte dankie aan die volgende personeellede vir hul harde werk en ongelooflike spangees: mevv. M. Scholtz, D. Griffin, C. Landman, mejj. M. Scholtz, C. Killian.

(Mej. A. Bosch)

3.2.5 **KOOR EN MUSIEK**

Die volgende leerders was vanjaar DF se verteenwoordigers in die Oos-Kaapse Kinderkoor en Jeugkoor onderskeidelik: Cheswin Lottering en Jolene Davis. Beide leerders het erekleure ontvang.

Kabaret: *Silhouette* het ‘n baie opwindende jaar agter die rug en het by verskeie geleenthede opgetree. Hulle het onder andere die voorprogram vir Coenie de Villiers se optrede tydens die Gedenkweek gedoen, by Seesig Gemeente asook NG Kerk Lorraine se oggendtee vir bejaardes gesing en by D.F. Malherbe se Kultuur Prysuitdeling opgetree.

Die hoogtepunt van die jaar was definitief die kabaret konsert, Musiek Mosaïek, wat op 14 Oktober gehou is. Dit was ‘n groot sukses en almal het dit baie geniet. Baie dankie vir almal se harde werk en ondersteuning! Dit word opreg waardeer.

(Mev. C. Landman)

Eksamens: Die volgende leerders het hulle onderskeie musiekeksamens geslaag: Leoni Davis - Unisa prakties graad 6 (klavier); Talita Booyens - Unisa graad 4 prakties (klavier) en Unisa teorie graad 3 en Stefan Uys - *Trinity* voorgraad 1 (kitaar) met lof. Ons is trots op hulle!

(Mev. E. Steenkamp)

3.2.6 **ATKV DF Patatters**

Die Patatters was die afgelope jaar weer ‘n bedrywige spul. Die hoofprojek van die jaar was die Afrikaans week. Dié week is afgeskop met boeremusiek tydens pouses en deur die verloop van die week was daar koekverkope, ‘n *duidelike das en dirkie dag* en ‘n interklas-taalkompetisie. Die week is eindelik met die bekende Afrikaans sokkie afgesluit.

Die ATKV het die jaar met die VCSV hande gevat vir die Laerskool Fonteinprojek. Tweedehandse Afrikaanse kinderboeke is ingesamel en aan Laerskool Fontein oorhandig. Bemarking en versiering vir die skool se eenbedryfaand en *My hart blom in Afrikaans* op Valentynsdag was nóg van die tak se bedrywighede.

Joné Smith en Talana Matthee het die tak by die ATKV se Algemene Jaarvergadering te Buffelspoort verteenwoordig.

Projekte wat die tak vir 2010 beoog, sluit ‘n Afrikaanse film-aand en ‘n pretdraf in. Die tak beplan ook dinge rondom die sokkerwêreldbeker-bohaai.

(Joné Smith)

3.2.7 **KULTUURPRYSUITDELING 2009**

REDENAARS:

J.H. Visser-beker vir beste junior redenaar
Jade-Chloé van Deventer

D.C. de Villiers-beker vir beste senior redenaar
Joné Smith

Meriete - Jade-Chloé van Deventer

DEBAT:

Erekleure - Toshka Barnardo, Christene du Toit, Marizanne Pienaar

TONEEL:

D.F. Applous-beker vir beste ondersteunende aktrise
Emma Kotze, Zandi Loots, Marné Nel, Jani van Wyk

D.F. Applous-beker vir beste ondersteunende akteur
Christo Marx, Ulrïch Rademeyer

D.F. Applous-beker vir beste tegniese bydrae
Nicola Alberts, Wilmie Scholtz

Mev. K. Barnard-beker vir beste aktrise
Amari Annandale

Mev. B. Strydom-beker vir beste akteur
Marco Markgraaff

Meriete - Amari Annandale, Zené Annandale, Gavin Botha, Darné Claassen, Lisé Crouse, Nikki de Ridder, Alet du Toit, Liesbet du Toit, Carina Gerber, Jacomien Hauman, Mercy Kannemeyer, Ruan Koen, Jaques le Roux, Talana Matthee, Tanya Marais, Christo Marx, Joné McLeod, Adelle Moss, Ulrïch Rademeyer, Carina Scheepers, Jeannè Scholtz, Maryna Slabbert, Donique Smit, Joné Smith, Rozaan van Winkel

Erekleure - Nicola Alberts, Louis Keyter, Emma Kotze, Zandi Loots, Marco Markgraaff, Marné Nel, Janien Raubenheimer, Wilmie Scholtz, Jani van Wyk

Prestasiebord - Die toneelstuk: *Wie?*

BALLET:

Fourie Wisselbeker vir ballet
Simoné Swart

Erekleure - Emma Kotze, Simoné Swart

BALDANS:

Pre-Brons - Met hoogste lof: Mercy Kannemeyer, Magen van der Merwe
Met lof: Christene du Toit, Annica Geyer, Chanté Herselman, Corné Labuschagne, Chrizelle Loots, Estelle Meyer, Gregory Oberholzer, Gerrit Scholtz, Muller Wiese
Met eervolle vermelding: Maritza van Tonder, Tanita Mayes, Armand Coetzer, Chanté Bellingan

Brons - Met lof: Christene du Toit, Lirene du Toit, Trudie Fox, Bianca Liebenberg, Mariné Claassen, Marnus Dunn, Karlien Nell

Silwer - Met lof: Darné Claassen, Carina Scheepers, Ilse Volmer, Nikki de Ridder, Karlien Nell, Martin Stolk
Met eervolle vermelding: Janel Coetzee, Carel Swiegelaar

Sertifikaat vir besondere prestasie en meriete vir Baldans
Jamie-Lee Venter. Jamie-Lee het vanjaar drie danseksamens voltooi. Sy ontvang hoogste lof vir Brons, sowel as Silwer en Goue diplomas wat sy met lof geslaag het.

Baldans-wisseltrofee vir die hoogste punte in die eksamen behaal
Mercy Kannemeyer, Magen van der Merwe

Jeannè Scholtz wisseltrofee vir die DF paartjie wat die beste gevaar het in die jaarlikse Interskole Danskompetisie
Mercy Kannemeyer en Corné Labuschagne

SKRYFKUNS:

Andries Ferreira-beker vir die beste skrywer graad 8 - Roelien Redelinghuys; **graad 9** - Lizé de Jager; **graad 10** - Nikki de Ridder; **graad 11** - Annika Theron; **graad 12** - Marné Nel

JOERNALISTIEK:

ATKV-beker vir Joernalistiek
Jacomien Hauman

Meriete - Nikki de Ridder, Liesbet du Toit, Annette Greyling, Jacomien Hauman, Emma Kotze, Talana Matthee, Mirisa Naudé, Marné Nel, Jeannè Scholtz

Spesiale toekennings vir verdienstelike werk
Jeannè Scholtz (redakteur), Wilmie Scholtz (fotograaf), Martin Stolk

(reke-naaroperateur)

KOORSANG:

Erekleure - Jolene Davis, Cheswin Lottering

KABARET:

Meriete - Jaco Alberts, Jessica Barnard, Darné Claassen, Jolene Davis, Nathan Jacobs, Donique Smit, John-George van

3.3 **MATRIEKTOER 2009**

Die agt en twintigste Matriektoer was weer eens ‘n besondere ervaring. Die toergroep het bestaan uit 55 leerders, 2 busbestuurders en 5 opvoeders. Ons het met een groot bus en ‘n skoolbussie getoer. Die toerleiers was Zené Annandale en Marco Potgieter, wat hulle goed van hul taak gekwyt het.

Die weer was goed en ons kon weer al die tradisionele roetes stap: Sterkhorn en Tugela. Uitstappies het ‘n roofvoël vertoning en ‘n besoek aan Kerk-en-Berg (met ‘n lesing) ingesluit.

Verblyf was by die FAK Jeugterrein (naby Winterton) en weer by Drakensville. Ook hierdie toer was vir die Malherbiete ‘n onvergeetlike ervaring.

Dankie aan die personeel (mev. Griffin, mnr. en mev. Landman en mnr. en mev. Roets) vir die opoffering van hul vakansie en die neem van verantwoordelikheid op die toer.

(Mnr. A. van Wyk)

3.4 **MATRIEKDANS**

Daar is op 23 September 2009 afskeid geneem van 115 matrieks met ‘n casino-stemming in die Veremarksaal. Die aand was ‘n groot sukses.

(Graad 12 Voogonderwysers)

3.5 **NOODHULP**

Ons is baie trots op die noodhulpleerders wat hierdie jaar die volgende vlakke geslaag het: Vlak 1 - Michelle Slabbert, Maré Grobler, Wendy Rowan, Cindy Rademeyer en Lirene du Toit; Vlak 3 - Bianca Liebenberg.

Hierdie leerders het by ons tuiswedstryde diens gedoen. Dankie aan almal wat ‘n bydrae gelewer het.

(Mej. E. Jonker)

3.6 **BLOEDSKENK**

Danksy al die Malherbiete - leerders en personeel - wat so getrou hul moue opgerol het, het D.F. Malherbe vanjaar ‘n impak op honderde onbekendes se lewens gehad.

Die portuurleiers het weer ‘n opleidingsgeleentheid en ‘n afsluitingsfunksie, gereël deur die SANBS, bygewoon.

Die portuurleiers verdien beslis ‘n pluimpie vir hul organisatoriese vermoëns, toewyding en onbaatsugtige diens.

Die portuurleiers was: Jolene Davis, Mari Grobler, Jaques le Roux, Gregory Oberholzer, Xander Rossouw en Tara Slabbert.

(Mej. A. Bosch)

3.7 **TIENERHELPERS - 2009**

Twaalf graad 10 leerders het die Tienerhelperberadingsprogram suksesvol voltooi. ‘n Sertifikaat is aan elke leerder toegeken.

Tydens die opleidingsprogram is effektiewe luister- en beradingsvaardighede ontwikkel. Leerders het tydens die werkwinkels geleer om tieners wat emosionele probleme ervaar met empatie te ondersteun.

Elke werkwinkel het sowat 1½ uur lank geduur en die opleiding het altesaam 12 werkwinkels behels. Gedurende elke werkswinkel het tienerhelperkandidate vaardighede prakties ontwikkel deur ‘n verskeidenheid beradingsprobleme te hanteer. Deurlopende assessering is deur my, hul kursusleier, gedoen.

Baie geluk aan julle almal en voorspoed vir die jaar wat voorlê.

(Mev. A. Rutherford)

3.8 **SPORT**

3.8.1 **ATLETIEK**

Vanjaar se atletiekseisoen is paslik ingelei deur ‘n suksesvolle kleurebyeenkoms wat oudergewoonte gesorg het vir groot opwinding, geesdrif en pret.

‘n Vergelyking tussen die uitslae van 2007, 2008 en 2009 sien soos volg daar uit:

KLEUREBYEENKOMS

	Graad 12	Graad 11	Graad 10	Graad 9	Graad 8
2007	vyfde	eerste	tweede	derde	vierde
2008	tweede	eerste	vierde	derde	vyfde
2009	vierde	tweede	eerste	vyfde	derde

Soos gesien kan word het verlede jaar se graad 11-leerders dit ongelukkig nie reggekry om weer vanjaar, soos verlede jaar, die kleurebyeenkoms te wen nie. Hulle het welliswaar die geesbeker gewen. Baie dankie vir julle begeesterdheid dwarsdeur die jaar. Ons gaan dit mis.

Baie geluk aan die *White Chocolates* (graad 10) wat vanjaar die kleurebyeenkoms gewen het. Kan julle die prestasie herhaal in 2010?

Die Interskole atletiekbyeenkoms is weer deur Hoërskool Nico Malan gewen. ‘n Formaatverandering word sterk oorweeg.

Ons toppresteerders by vanjaar se Interskole byeenkoms was: Junior Victor Ludorum - Brian Wolmarans; Senior Victrix Ludorum - Lutske Doubell; beste dogtersbaanatleet - (o/14) Zanri Strydom (100 m in 13,8 sek.), (o/16) Lutske Doubell (100 m in 12,8 sek.); beste seunsbaanatleet - (o/14) Brian Wolmarans (100 m in 12,1 sek.); beste dogtersveldatleet - (o/16) Darné Claassen (verspring 4,65 m); beste seunsveldatleet - (o/14) Martin Keller (hoogspring 1,52 m), (o/19) Elandré Gouws (hoogspring 1,8 m).

Baie geluk aan alle DF wenners. Baie dankie ook aan almal wat deelgeneem het. Ons is trots op die gesindheid waarmee julle deelgeneem het.

Daar het vanjaar 120 atlete aan die Sone byeenkoms deelgeneem. 60 atlete het ons skool verteenwoordig by die P.E. Hoërskole byeenkoms en 25 leerders van DF het deelgeneem aan die Nelson Mandela Metro byeenkoms.

Die volgende DF atlete is vir die Nelson Mandela span gekies om aan die Oos-Kaap Hoërskole byeenkoms in Port Elizabeth deel te neem: Lutske Doubell, Aleesha Gerber, Marolene Gouws, Reginald Hufkie, Karel Prinsloo, Janita Trytsman en Aileen van Zyl.

Marolene, wat vir die eerste keer vanjaar aan stap deelgeneem het, het tydens die Oos-Kaap kampioenskappe ‘n silwer medalje verwerf en Reginald Hufkie ‘n brons. Altwee genoemde atlete het, met hulle prestasies, gekwalifiseer om aan beide die Nasionale Hoërskole kampioenskappe en die Suid-Afrikaanse Junior en Jeug kampioenskappe deel te neem. By laasgenoemde byeenkoms in Pretoria het Reggie en Marolene onderskeidelik die vierde en sesde plekke in hul stap-nommers behaal. Ian Claassen het ook saam met hulle die Oos-Kaap span na die Hoërskole kampioenskappe in Durban gehaal.

Ander prestasies wat genoem kan word is die baie goeie derde plek wat ons aflosspan (Lutske, Aleesha, Darné en Nikki de Ridder) by die Geelbladsye-byeenkoms by NMMU behaalhet, asook Bennie Bellingan se goue medalje in die 1 500 m o/17 by die Top 10 byeenkoms op Cradock.

Baie dankie aan Reggie Hufkie vir die waarde wat hy aan DF atletiek toegevoeg het. Ons gaan sy bydrae mis.

Ek bly bekommerd oor ‘n algemene onwilligheid by DF leerders om hard te oefen. Voorkom teleurstelling oor jou sportprestasies - begin nou al oefen vir die 2010 sportjaar. Julle sal verbaas wees om te sien watter verskil ‘n positiewe ingesteldheid aan julle sportuitslae maak.

Baie dankie aan al ons atlete, ouers, mede-kollegas en afrigters vir julle onbaatsugtige bydrae tot DF atletiek. Dit word opreg waardeer.

(Mnr. M. Smith)

3.8.2 **BALDANS**

Die Baldansklub het ‘n besondere besige jaar gehad, met beide die Interskole-kompetisie, sowel as die formele bal, onder DF se dak.

Vanjaar het die ledetal effens gedaal, waarskynlik as gevolg van die huidige ekonomiese toestand en die fooie wat gestyg het. Nietemin was daar ‘n groep baie entoesiastiese dansers wat gereeld elke Dinsdagaand kom oefen het.

Interskole Kompetisie

In Meimaand was DF die gasheerskool vir die Interskole danskompetisie. Tien skole het deelgeneem. DF se leerders het ons skool se naam hoog gehou met hul netheid en onberispelike gedrag. In die pre-brons afdeling het twee paartjies deurgedring na die finale rondte en gesorg vir ‘n eerste en ‘n vierde plek in die Latyns-Amerikaanse afdeling, asook ‘n eerste plek in die Baldans afdeling.

Danseksamen

31 leerders het dié jaar die eksamen voltooi. (Party leerders verkies om nie die eksamen te doen nie, aangesien dit nie verpligtend is nie.) Pre-Brons: twee leerders slaag met hoogste lof, nege met lof en vier met eervolle vermelding; Brons: sewe leerders slaag met lof; Silwer: ses leerders slaag met lof en twee met eervolle vermelding; Goud: een leerder slaag met lof.

Dansbal

In September is die seisoen afgesluit met ‘n formele dansbal. Weer eens was DF die gasheerskool en baie beplanning en werk is voor die tyd gedoen ten einde alles gereed te hê vir dié deftige geleentheid. Leerders van Grey en Hoërskool Alexander Road was ons gaste en die leerders het dit baie geniet.

Dit is met groot spyt dat ons moet afskeid neem van mnr. Ron Sanderson-Smith wat die afgelope drie jaar die hoof afrigter was. Haydn Roberts, nie ‘n onbekende by ons dansers nie, sal in 2010 sy plek inneem.

(Mev. A.M.B. Scholtz)

3.8.3 **GHOLF**

Ons kan weer eens terugkyk op ‘n aangename gholfjaar waarin die spelers goed volgens hul vermoë presteer het. Beide die eerste en tweede gholfspanne het hul goed van hul taak gekwyt in die 1A en 1B skoleligas onderskeidelik. Albei spanne het goeie gemiddelde punte teen baie sterk kompetisie behaal.

Die 2009 kampioenskappe is soos tevore bepaal deur die beste gemiddelde van alle wedstryde gespeel te neem. Baie geluk aan Ryno van Zyl (seniorkampioen) en Eduan Troskie (juniorkampioen).

Spelers wat meriete vir gholf ontvang het is: Seve Dickason, Neil Louw, Ruan Prinsloo en Ryno van Zyl. Baie geluk aan hulle vir tagtig persent eerste span wedstryde gespeel die afgelope twee jaar.

Ons moet vanjaar aan ‘n groot groep matrieks wat deur die jare ‘n groot bydrae tot DF se gholf gemaak het, totsiens sê. Hulle is: Ryno van Zyl (kaptein), Neil Louw (onder-kaptein), Seve Dickason, Sean Moir, Anrich Marx, Malan Volschenk, Marco Potgieter en Rikus van Eeden. Ons gaan hulle mis.

’n Baie suksesvolle gholfdag is op 7 Maart gehou en sal DV weer op 6 Maart 2010 by *Shark River* Gholfklub plaasvind.

Interskole is deur ons verloor, maar DF se ondersteuners, wat hoofsaaklik *Shark River* lede is, het weer die trofee terug verower. Baie geluk en dankie vir hul ondersteuning.

Groot dank aan:

- *Shark River* Gholfklub vir oefendae, wedstryddae en gholfdag wat vir ons aangebied is;
- Alle borge en ouers vir hul groot ondersteuning tydens die gholfdag asook die dogters wat gehelp het;
- Meneer Ouboet du Preez vir groot hulp tydens gholfdag gelewer;
- Ons Hemelse Vader vir bewaring op die paaie sodat ons elke keer veilig tuis kon kom.

(Mnr. T. van Zyl)

3.8.4 **HOKKIE (DOGTERS)**

Ná die afgelope opwindende seisoene wat DF Hokkie beleef het, is daar met groot afwagting uitgesien na die 2009-seisoen. Weer eens het DF se hokkiespelers ons nie teleurgestel nie! Ten spyte van baie sterk kompetisie in die Premier-liga het die eerste span baie goeie rekenskap van hulself gegee en deurgaans DF se naam hoog gehou.

Daar is vanjaar ses spanne in die verskillende ligas ingeskryf; 'n eerste en tweede span asook drie onder 16 spanne en 'n onder 14 beginnerspan.

Namens al die spelers en ouers wil ek graag ons dank betuig aan die 2009 afrigters vir hulle entoesiasme, toewyding en wonderlike gesindheid. Ons sou dit nooit sonder julle kon doen nie! Hulle is mejj. C. Killian en E Brits (onderwyseresse) en buite-afrigters mev. R. Scholtz, mejj. Y. du Toit, N. Smuts en L. Botha. Nog 'n groot woord van dank aan mej. C. Rietmuller wat gereeld op Saterdae as skeidsregter opgetree het.

'n Baie groot woord van dank aan al die ouers vir julle wonderlike ondersteuning tydens oefeninge en wedstryde. Dankie vir julle ongelooflike positiewe bydrae op alle terreine! DF Hokkie en julle dogters waardeer dit baie.

Dankie aan Moore Stephens vir julle finansiële ondersteuning van die eerste span.

Baie geluk aan Jacomien Hauman met haar verkiesing tot die O.P. o/18 span. Voorwaar 'n prestasie!

Hiermee die toekennings gemaak vir die 2009 seisoen:

Beste vordering o/14: Kirsten Ellis
Beste vordering o/16: Shanice van Vuuren
Beste vordering o/18: Lizé de Jager
Beste speler o/14: Estelle Meyer, Simoné Ferreira
Beste speler o/16: Mieke Alberts
Beste speler o/18: Jacomien Hauman

'n Nuwe beker genaamd die Anria Kruger beker vir volharding en sportmangees is verlede jaar geskenk deur Anria Kruger (kaptein van die eerste span van 2008) en is toegeken aan Clarissa Marais.

Meriete is aan Amari Annandale, Zené Annandale, Meake Brown, Genevéve Deyzel, Marné Nel en Janita Trytsman toegeken. Erekleure is aan Jacomien Hauman toegeken.

Baie geluk aan al hierdie spelers met hulle onderskeie prestasies.

Die uitslae van die 2009 seisoen:

Span	Liga	Aantal wedstryde	Wen	Verloor	Gelykop
1ste	Premier	18	3	12	3
2de	3de	9	0	6	3
o/16A		8	1	4	3
o/16B	o/16C	7	3	2	2
o/14	o/14Beg.	9	1	4	4
o/16	Beginners	7	1	5	2

'n Spesiale woord van dank aan Jacomien Hauman (kaptein) en Marné Nel (onderkaptein) wat ons eerste span op 'n besondere wyse gelei het.

Spelers van 2009, julle bly ons trots!

(Mev. P. Vosloo)

3.8.5 **HOKKIE (SEUNS)**

'nGroep entoesiastiese seuns het hierdie jaar DF se naam op die hokkieveld hoog gehou. Ons eerste span, onder die bekwame aanvoering van Anrich Nel, het in die tweede liga meegeding, maar moes hierdie jaar teen vyf eerste liga spanne speel. Ons het ook 'n o/16B span gehad wat hulle kant moes bring.

'n Hoogtepunt was toe ons eerste span gelykop teen Framesby se eerste liga span gespeel het. Ons is ook baie trots op Leo Hulsman wat tot die finale rondte van die O.P. o/18 proewe deurgedring het.

Dankie aan alle betrokkenes, afrigters, ouers en vriende vir hulle ondersteuning en ook ons borge - Absa, KFC en Growth Point Properties.

Die uislae van ons eerste span:

Gespeel	Wen	Verloor	Gelykop
9	2	3	4

Die volgende toekennings is tydens die Sportprysuitdeling gemaak:

Beste vordering o/16	-	Nathan Jacobs
Beste vordering eerste span	-	Jason Miskin
Beste speler (junior)	-	Clifford Alberts
Beste speler (senior)	-	Anrich Nel

Meriete is aan die volgende spelers toegeken: J.P. Cronje, Leo Hulsman, Anrich Nel en Pieter Scheepers.

(Mev. M. Odendaal)

3.8.6 **KRIEKET (SEUNS)**

2009 was ‘n goeie jaar vir krieket by DF. Ons aantal krieketspelers noodsaak ons om aan die begin van die jaar die volgende spanne in te skryf:

eerste span	-	eerste liga
tweede span	-	derde liga
o/14 span	-	o/14B liga

Ons het weer aan die Pro-twintig toernooi in Despatch deelgeneem waar van die top krieketskole in die Oos-Kaap meegeding het.

Wessel Claassen was ons mees suksesvolle kolwer en Anrich Nel is as die beste bouler beloon tydens die Sportprysuitdeling.

Daar wag ‘n blink toekoms op DF se krieket met jong talent wat na vore kom. Daar het reeds vanjaar graad 8 spelers hul buiging vir die eerste span gemaak, en gewys dat hulle in staat is om in die jare wat volg ‘n groot impak te maak.

Dankie aan mnr. Erasmus, aan mnr. Van der Merwe vir die kos tydens tuiswedstryde en ook al die leerders wat gehelp het met tellinghou, ens.

(Mnr. D. Bezuidenhout)

3.8.7 **KRIEKET (DOGTERS)**

Die dogterskrieketspan het in 2009 gedurende kwartaal 1 en 4 ses wedstryde gespeel waarvan hulle vier gewen en twee verloor het. Die spelers wat individueel presteer het, is Marizanne Kapp, wat as lid van die S.A. span aan die Wêreldbekertoernooie in Engeland en Australië deelgeneem het. Sy het ook gereeld vir die O.P senior vroue presteer en was kaptein van die O.P o/18 span. Heidi Felix het ook die o/18 span verteenwoordig. Janita Trytsman het die trofee vir die beste speler ontvang.

Dankie aan die spelers vir hul toewyding en entoesiasme, mnre. Willie Mostert, Hannes Potgieter en die terreinwerkers vir dié fasiliteite. Spesiale dank aan die ouers en mnre. Bezuidenhout en Erasmus vir hulp en ondersteuning tydens die seisoen.

(Mej. C. Killian)

3.8.8 **LANDLOOP**

Ons klein groepie atlete doen goed en presteer op vele gebiede.
Die seisoen het goed begin met die deelname van twee spanne aan die mini-ystermankompetisie. Zuandré Willemse en Aleesha Gerber ding mee teen ander Corporate spanne en behaal ‘n derde plek. Marthinus Prinsloo, Bennie Bellingan en Maryna Slabbert neem deel in die skole-afdeling en eindig vierde.

Gedurende die liga-wedlope het ons atlete hul staal gewys. Ons dogterspan bestaande uit Marolene Gouws, Aleesha Gerber, Nikki de Ridder en Meake Brown, behaal een tweede plek en vier derde plekke by hierdie byeenkomste. Behalwe die uitstekende prestasies wat Bennie Bellingan gedurende hierdie byeenkomste gelewer het, het hy ook gereeld deelgeneem aan padwedlope waar hy met groot manne afgereken het.

Aleesha, Bennie en Marolene neem deel aan die O.P.-kampioenskappe. Bennie en Marolene word gekies vir ‘n landloopspan wat op Queenstown aan ‘n interprovinsiale wedloop deelgeneem het.

Ons neem ook deel aan ‘n 4×2 km aflos wat by Framesby aangebied is en tydens die jaarlikse Interskole teen Nico Malan het ons beide die seuns- en dogtersafdeling gewen.

‘n Groot dankie aan Bennie en Adri Bellingan wat gesorg het dat ons span baie mooi kon lyk in die baadjies deur hulle geborg. Dankie vir jul gereelde ondersteuning en vir die jaarlikse afskeidsfunksie. Ons waardeer dit baie.

Dankie aan die atlete wat getrou deelgeneem het. Ons hoop om in die nuwe seisoen sommer baie nuwe gesigte te sien.

(Mej. A. Carstens)

3.8.9 **MUURBAL**

Die spanlede is oorwegend beginners. Ons is baie jammer dat Ruan van Wyk hierdie jaar nie vir O.P. muurbal kon speel nie as gevolg van ‘n kniebesering.

Ons is baie trots op al hierdie leerders wat ten spyte van moeilike omstandighede altyd hulle bes gelwer het.

Ons sien met groot verwagting uit na 2010.

Baie dankie aan mnr. Viljoen vir sy lojaliteit en afrigting.

(Mej. E. Jonker)

3.8.10 **NETBAL**

DF-Netbal het ‘n besige seisoen beleef met gemengde uitslae. Ons het afgeskop met die Despatch toernooi in Maart waaraan ons eerste span deelgeneem het.

Ons liga-wedstryde het in die tweede kwartaal begin en die volgende uitslae is in 2009 deur ons tien spanne behaal:

	Wedstryde	Wen	Gelykop	Verloor
o/19A	11	4	0	7
o/19B	11	7	0	4
o/19C	7	4	1	2
o/19D	2	0	0	2
o/16A	9	7	0	2
o/16B	11	8	0	3
o/16C	9	5	0	4
o/16D	2	0	0	2
o/14A	12	7	2	3
o/14B	8	4	1	5

Baie geluk aan Marizanne Kapp en Lee-zaan Kapp wat in die OP o/19 span opgeneem is, asook Danica Loock wat vir die O.P. o/14 span gekies is. Lee-zaan is ook aangewys as die mees belowende o/19 Skole Netbalspeelster.

Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/14 - Tiffany Jonker
Mees belowende speler o/14 - Zanri Strydom
Beste vordering o/16 - Ilse Volmer
Mees belowende speler o/16 - Darné Claassen
Beste vordering senior - Zebeth Glöss
Beste senior speler - Lee-zaan Kapp

Erekleure is toegeken aan Marizanne Kapp, Lee-zaan Kapp en Danica Loock.

Baie dankie aan al die ouers wat ons so getrou ondersteun het asook aan ons eerste span borge vir 2009. DF netbal en die speelsters waardeer julle!

Aan ons buite-afrigters: ‘n spesiale dankie vir al julle tyd, opoffering en entoesiasme tydens oefeninge, wedstryde en spanbou-sessies - julle word baie waardeer! Hulle is mevv. E. Fick, J. Sharp, M. Ellis en Sameshia Esau.

Mag ons volgende jaar ‘n baie suksesvolle jaar hê!

(Mev. C. Landman)

3.8.11 **RUGBY**

Vanjaar se rugbyseisoen was baie bedrywig met die o/14, o/15 en eerste spanne wat reeds aan die einde van die eerste kwartaal in Hoërskool Despatch se Rugbyfees gespeel het waar die eerste span kragte gemeet het teen Port Rex en ‘n sterk span van Muir Kollege.

Die o/14 en o/15 spanne het vanjaar vir die eerste keer ‘n voorseisoense toer na die Suid-Kaap onderneem gedurende die Maart/April vakansie waar hulle aan die Hoërskool Outeniqua op George se Junior Rugbyweek deelgeneem het. Groot skole soos HTS Middelburg, Affies, Waterkloof en Paarl Gimnasium, was deel van die rugbyweek en hegte vriendskapsbande is tussen die spelers gesmee. Buiten rugby het hulle ook die KKNK op Oudtshoorn besoek en Mosselbaai gaan verken.

Die eerste span het ook die Suid-Kaap besoek waar hulle gedurende Julie teen Langenhoven Gimnasium op Oudtshoorn gespeel het.

DF se eerste span heelagter, Malan Volschenk, is opgeneem in die o/18 O.P. Akademiespan wat gedurende die Junie vakansie aan die Nasionale Akademieweek in Pretoria deelgeneem het. Malan is ook as rugbyspeler van die jaar vir 2009 aangewys.

Ons dank gaan aan al die buite-afrigters vir opoffering gedurende die jaar: Charl Marx, Johann Muller, Marnus van Eeden, J.C. Wagener, Riaan Weitz en mnr. Frans Geldenhuys wat vanjaar ná 20 jaar se betrokkenheid by DF rugby klaarmaak. ‘n Baie spesiale dank aan mnr. Geldenhuys.!

Baie dankie aan afrigters, vriende van DF en Unie-skeidsregters wat Saterdae ons wedstryde hanteer het. Dankie ook aan die noodhulp leerders wat met toewyding en ywer hulle taak verrig het.

‘n Spesiale woord van dank aan alle borgskappe deur die seisoen - in besonder Pick ‘n Pay.

Ten slotte: baie dankie aan ons ondersteuners, lede van die Onder-steunersklub, oudskoliere, ouers en ander getroues wat Saterdae hand bysit met wat ook al gedoen moet word.

Rugby uitslae 2009

Span	Speel	Wen	Verloor	Gelykop
Eerste	18	8	7	3
Tweede	13	4	8	1
Derde	14	6	8	0
Vierde	6	2	4	0
o/15	17	4	12	0
o/14	17	10	7	0

Toekennings:

Beste span prestasie - o/14
o/14 speler met meeste potensiaal - Shivago Scheepers
Beste vordering (junior) - Cornelius Greyling
Junior speler met meeste potensiaal - Eduan Troskie
Tweede span speler (toewyding en sportmangees) - Marco Potgieter
Beste vordering (senior) - Robbie Taylor
Meeste wedstryde vir eerste span - Llewelyn Grobler
Beste senior speler - Malan Volschenk

(Mnr. E. Erasmus)

3.8.12**SKAAK**

D.F. Malherbe het weer eens goed gevaar in die skaakliga. Daar is vanjaar twee spanne ingeskryf.

Nicola Alberts, Toshka Barnardo, Lisé Couse, Martin Keller en Wynand Malan het provinsiale kleure ontvang en verwerf erekleure.

Tydens die Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak: die Van der Berg-beker vir die beste vordering in skaak - Llewellyn van der Berg; die Jacques van Wyk skild vir die beste speler en die Eduard en Ruan Prinsloo wisseltrofee vir meeste wedstryde gespeel - Nicola Alberts.

(Mej. E. Brits)

3.8.13**TENNIS**

Ons leerders het in hierdie jaar met geesdrif aan die winter- en somerligas deelgeneem.

In die eerste kwartaal het drie dogterspanne en twee seunspanne met gemengde welslae hul wedstryde gespeel. In die winter het twee dogterspanne en twee seunspanne die skool op die baan verteenwoordig.

Ons eerste spanne het in ‘n taai stryd teen Nico Malan in die Interskole ongelukkig met 22 - 35 verloor. Wessel Claassen, Jon-Marc Pike en Lindie Petzer het tydens hierdie kragmeting hul enkelwedstryde oortuigend gewen.

Ons was ook bevoorreg om teen ‘n toerspan van Hoërskool Bredasdorp te speel. Dit was ‘n leersame ervaring om teen hierdie sterk plattelandse skool te speel.

In die vierde kwartaal was die belangstelling onder veral die junior seuns só groot dat ons vier seunspanne kon inskryf. Twee dogterspanne het ook deelgeneem. Ons sien dus met verwagting uit na 2010.

Baie dankie aan Marné Nel, Lindie Petzer, Jacomien Hauman en Wessel Claassen in graad 12 vir hulle getroue en entoesiastiese deelname aan DF se tennis. Dankie ook aan alle personeel en ouers wat betrokke was!

(Mej. M. Scholtz)

3.9 **O.P. VERTEENWOORDIGERS 2009**

Atletiek	:	Oos-Kaap: Ian Claassen, Marolene Gouws, Reginald Hufkie
Boks	:	Justin Bezuidenhout
Branderry	:	Carl Barnard (ook **S.A. Ontwikkelingspan**)
Debat	:	Toshka Barnardo, Christine du Toit, Marizanne Pienaar
Hengel	:	Adéle Moss
Hokkie	:	Jacomien Hauman (o/18)
Jukskei	:	Tertius Badenhorst, Shanice van Vuuren, Jason van Zyl
Karate	:	Armand Coetzer (ook **S.A**.), Jannie Joubert (ook **S.A.**), Marizanne Joubert (ook **S.A**.), Danica Loock
Koor	:	Oos-Kaapse Kinderkoor: Cheswin Lottering Oos-Kaapse Jeugkoor: Jolene Davis
Krieket	:	Dogters: Heidi Felix, Marizanne Kapp (ook **S.A.** o/19 en in die **S.A.** seniors) Binnenshuis: Marizanne Kapp (ook **S.A.** o/19), Raynard van Gend
Landloop	:	Oos-Kaap: Bennie Bellingan
Muurbal	:	Ruan van Wyk
Netbal	:	Marizanne Kapp (o/19 - kaptein), Lee-zaan Kapp (o/19), Danica Loock (o/14)
Padfietsry	:	Karel Prinsloo, Marinus Prinsloo
Potspel	:	Marco Markgraaff
Rugby	:	Malan Volschenk (o/18 - Akademie)
Silhoeëtskiet	:	Johan Smit
Skaak	:	Nicola Alberts, Toshka Barnardo, Lisé Crouse, Martin Keller, Wynand Malan (Toshka en Nicola is ook vir **S.A.** span gekies)
Skopboks	:	Gavin Botha
Tweekamp	:	Karel Prinsloo, Janien Raubenheimer

3.10 **ANDER PRESTASIES**

Die volgende leerders het vanjaar ook ons skool se naam hoog gehou:

3.10.1 **S.A.O.U. Hoofdesimposium**: Emma Kotze is gevra om die S.A.O.U. se skoolhoofdesimposium (ongeveer 750 skoolhoofde van oor die hele land) toe te spreek.

3.10.2 ***Matric of the Year***: Jacomien Hauman en Jeannè Scholtz was onder die twintig finaliste vir die *Weekend Post* se *Matric of the Year* kompetisie.

3.10.3 **Krieket (dogters)**: Marizanne Kapp is aangewys as die beste S.A. kolwer en die beste S.A. o/18 bouler van die seisoen. Sy is ook in die S.A. Senior span vir die Wêreldbeker wat in Engeland gaan plaasvind, opgeneem. Marizanne was ook kaptein van die o/19 OP dogterkrieketspan wat in Desember aan ‘n toernooi in Oos-Londen gaan deelneem het. Sy het ook OP en Suid-Afrika in die binnenshuise weergawe verteenwoordig.

3.10.4 **Karate**: Jannie en Marizanne Joubert het vanjaar uitsonderlike prestasies behaal. Albei van hulle het S.A. verteenwoordig en het regoor die wêreld aan kampioenskappe deelgeneem. Jannie is vanjaar as die S.A. JKA kampioen, die S.A. alle style kampioen en die Statebondspele dubbel kampioen gekroon. Hy wen twee medaljes vir Suid-Afrika in Algerië, en ‘n goue medalje in Botswana, verder verteenwoordig hy Suid-Afrika by die Wêreldkampioenskappe in Marokko, is Sportman van die Jaar van S.A. Karate. Hy het 48 medaljes ingepalm, en ook sy tweede swart gordel (Nidan) verwerf.

Marizanne het onder andere die volgende prestasies behaal: S.A. JKA kampioen, S.A. alle style kampioen, Statebondspele dubbel kampioen, wen 42 medaljes (onder andere twee goues in Gabarone, Botswana) en is die Sportvrou van die Jaar van haar klub.

Clifford Alberts het in Mosselbaai aan ‘n karate kampioenskap deelgeneem en verwerf brons in Kata en silwer in Kumite.

3.10.5 **Ballet**: Emma Kotze en Simoné Swart het groot rolle in die P.E. Jeugballet losgeslaan. Simoné het by die P.E. Kunstefees twee goue toekennings verwerf en het ook ‘n uitsonderlike prestasie behaal deur die *Junior Championship* te wen.

3.10.6 **Fietsry**: Die twee Prinsloo broers, Marinus en Karel, het ‘n ongelooflike klomp goeie vertonings op die baan en pad gelewer - te veel om alles hier te noem. Byvoorbeeld: Marinus: vierde in ‘n interprovinsiale padwedren, algeheel tweede op die baan, 26ste by die S.A.’s se 20 km tydtoets, goud by die O.P. tydtoets en silwers in die 5 km bergklim en 69 km padwedren; Karel: goues in die 3 km en 1 500 m (interprovinsiale baanbyeenkoms) en silwers in die 500 m tydtoets en 3 km puntewedren; elfde en dertiende by die S.A.’s (die 15 km tydtoets en die 52 padwedren), en twee silwers en ‘n brons by die O.P. kampioenskappe (15 km tydtoets, 1 km bergklim, 40 km padwedren).

3.10.7 **Swem**: Vyf van DF se leerders het die Swartkopsrivier se rowwe waters aangepak. Hulle was J.P. Texeira, Roché Jongkind, Annette Slabbert, Jeannè Scholtz en Maryna Slabbert.

3.10.8 **Seiljag**: Johan en Eben Vivier het DF by die Oos-Kaap Interskole Regatta verteenwoordig en het in die Mirror-klas teen vyf ander skole van die Oos-Kaap meegeding. Daar was ses rondtes en hulle het al ses gewen. Hulle behaal: individuele eerste plek en ‘n trofee vir die skool wat in hul klas die meeste punte behaal het. Hulle het ook vir die Nasionale Interskole waar hulle teen die wenners van ander provinsies sal deelneem, gekwalifiseer.

3.10.9 **Padwedlope**: Bennie Bellingan het aan die Oesterfees padwedloop in Knysna deelgeneem. Hy behaal die agste plek in die 5 km wedloop in 17 min. 23 sek. en die tweede plek in die straatmyl (1,6 km).

Nikki de Ridder het ook ‘n hele klompie goeie prestasies deur die jaar behaal, onder andere ‘n derde plek by die Anibrand Fees 5 km.

3.10.10 **MTN-Mini-Ysterman**: Die span bestaande uit Maryna Slabbert, Marthinus Prinsloo en Bennie Bellingan het die kompetisie in 60 min. 35 sek. voltooi. Hulle het vierde geëindig. (Die ander drie spanne het net uit seuns bestaan.)

3.10.11 **Rugby Skeidsregter**: Coenie van den Heever het weer vanjaar op die OP Skeidsregtersunie gedien en deur die jaar baie belangrike klubwedstryde hanteer. Dillan Dorfling, ‘n graaf 10 leerder, het ook vanjaar by die unie aangesluit en doen tans sy opleiding.

3.10.12 **Branderry**: Carl Barnard het vanjaar uitstekend gevaar in die water. Hy het die OP verteenwoordig in branderplankry en is ook in die o/16 S.A. ontwikkelingspan opgeneem. Hy het onder andere aan die S.A. Grommet Branderry Kampioenskappe by Pollockstrand in Port Elizabeth deelgeneem waar sy O.P. span die Beste Span trofee gewen het. Hy het ook die vierde plek behaal in die "Paddle Battle" en tweede in die finale rondte van die seuns o/16 Individuele Branderry Kompetisie geëindig.

3.10.13 **Voortrekkers**: Jacomien Hauman, wat vanjaar die Voortrekkers se provinsiale leidster (Oos-Kaap) was, het ook die gesogte Presidentsverkenner-toekenning gekry.

3.10.14 **Skopboks**: Gavin Botha het aan die S.A. Kampioenskappe deelgeneem en het twee tweede plekke in sy gewigsklas behaal.

3.10.15 **Modelwerk**: Tanya Strydom en Chrisna Kruger het deurgedring na die tweede rondte van die Oos-Kaap Model Kampioenskappe wat op 22 en 23 Mei by die *Coega Village Conference Centre* plaasgevind het.

Mari-Lu van Vuuren het aan 'n model kompetisie deelgeneem. Sy is as wenner aangewys uit dertig deelnemers in die ouderdomsgroep 13 - 15. Samantha Ferreira het derde gekom in die mnr./mej. *King and Queen* model kompetisie in Port Elizabeth.

Suné Serfontein, Tanya Strydom en Chanté Bellingan het tot die semi-finale rondte van die S.A. Model Kampioenskappe deurgedring.

3.10.16 **Noodhulp**: Bianca Liebenberg het haar vlak 3-kursus in Noodhulp geslaag.

3.10.17 **Personeel**: Mev. Landman het puik by die P.E. Dansfees presteer deur 'n Goud en 'n Goud+ toekenning vir Spaanse dans te wen.

4. FINANSIES

ONTVANGSTE	
Skoolgeld	R2 362 829
Ander Inkomste	639 204
TOTAAL	**R3 002 033**
BETALINGS	
Alarm	6 340
Assuransie	49 218
Fotostaatmasjien	182 999
Brandstof en reparasies (voertuie)	50 235
Munisipale dienste	80 255
Administratiewe koste:	
Telefoon	86 706
Skryfbehoeftes (kantoor)	59 414
Instandhouding	146 107
Prysuitdeling	15 466
Sportfasiliteite	97 665
Skryfbehoeftes (leerders)	6 115
Advertensies	29 014
Bankkoste & Ouditgelde	42 809
Posgeld	11 358
Toiletbenodigdhede - skoonmaak	60 239
Vakuitgawes	142 445
Salarisse	1 146 258
Kapitaal Fondse (o.a. VCSV, Toerfonds, Malherhiet ens.)	69 613
Rekonstruksie en Ontwikkeling	12 050
Lening	297 593
TOTAAL	**R2 591 899**

5. IN MEMORIAM

Lede van ons DF familie wat vanjaar nabye familie-lede aan die dood afgestaan het, was:

Gavin Botha:	vader
Talné Steyn:	moeder
Andrea en Wian Meier:	moeder
Cynthia Makeleni:	seun

6. ALGEMEEN

6.1 GEBEDSGROEP

Hierdie groepie ma's kom op Donderdagoggende bymekaar om vir die skool met al sy mense en bedrywighede te bid. Daar word sake vir voorbidding aan hulle deurgegee, en die groepie getuig van definitiewe gevalle van gebedsverhoring. Enige ouer is welkom om aan te sluit en so van hierdie baie kosbare geleentheid om u rol te vervul gebruik te maak.

6.2 D.F. MALHERBE GEDENKWEEK

Die Gedenkweek het gedurende 11 - 15 Mei 2009 plaasgevind. Die week is ingelui met die opvoer van vyf eenbedrywe op 12 Mei. Die eenbedrywe was van so 'n hoogstaande gehalte dat drie van die stukke ingeskryf is vir die ATKV-Tienertoneelfees.

Professor Danie Strauss van die Universiteit van die Vrystaat, 'n kleinseun van professor D.F. Malherbe, het as spreker by die D.F. Malherbe Gedenklesing op Donderdag 14 Mei opgetree. Hy het gepraat oor *'n Verwaarloosde faset van D.F. Malherbe se nalatenskap 'Kuns - selfstandig en afhanklik'*.

Laerskool Arcadia en Laerskool Newtonpark se kore het tydens dié geleentheid opgetree.

Coenie de Villiers het as gaskunstenaar opgetree by die kabaretvertoning op Vrydagaand 15 Mei.

(Mev. M. Röth)

6.3 OUDLEERDERBOND

In 2009 het ons ook die heraktivering van die D.F. Malherbe Oudleerderbond beleef. Onder voorsitterskap van Lorenzo van Vuuren het die komitee ywerig weggespring en funksies gereël, projekte waarby hul kon betrokke raak is geïdentifiseer en lede is gewerf. Twee baie geslaagde reünies (klasse van 1989 en 1999) is ook gehou.

Baie dankie aan Lorenzo en sy komitee vir hul entoesiasme, geesdrif en lojaliteit aan hul alma mater. Ons glo dat hulle van krag tot krag sal gaan.

(Mnr. A. van Wyk)

Die mense wat sê dat dit nie kan gebeur nie
moet uit die pad uit staan
van hulle wat dit reeds doen.
JOEL BARKER

6.4 DIETER SCHOLTZ BEURSSKEMA

Aan die einde van 2008 het die Hoërskool D.F. Malherbe 'n beursskema vir Afrikaanssprekende leerders uit die histories-benadeelde ge-meenskappe van Port Elizabeth begin om aan dié leerders die geleentheid te bied om onderrig te word in hul moedertaal - Afrikaans.

In die 54-jarige bestaan van die skool het D.F. Malherbe by herhaling bewys dat akademiese prestasies van uitnemendheid behaal word.

Die skool beskik oor die bestuursvermoë, die kundigheid van toegewyde personeellede en die WIL van die hele gemeenskap om gestalte te gee aan hierdie droom van akademiese uitnemendheid.

Alle Afrikaanssprekende leerders uit die histories-benadeelde ge-meenskappe wat graag in hul hoërskoolloopbaan deur die medium van Afrikaans onderrig wil word en wat 'n hoë prioriteit op akademiese voortreflik-heid plaas, kon inskakel by die skema.

Toe die akademiese jaar in 2009 begin het, het twaalf nuwe leerders van Laerskole De Vos Malan, Die Heuwel en Arcadia by ons ingeskryf. Hierdie twaalf leerders se skoolgeld sal in die volgende vyf jaar deur oudouers, oudleerders en vriende van die skool betaal word. Daar is selfs ses borge uit Duitsland gewerf. Ons is groot dank en waardering verskuldig aan hierdie lojale ondersteuners van die skool.

Tydens 'n baie emosionele funksie in Februarie 2009 is hierdie beurs-skema na wyle Dieter Scholtz vernoem. Dieter was een van die skool se oudleerders wat in 1993 gematrikuleer het. Hy het diep spore in die skool-gemeenskap getrap in die vyf jaar wat hy in DF was. Baie, baie dankie aan sy ouers, mnr. William en mev. Leoni Scholtz wat vir ons toestemming gegee het om Dieter se nalatenskap op hierdie wyse te laat voortleef.

(Mnr. A. van Wyk)

7. 'N DRINGENDE VERSOEK

Soos elke jaar wil ek graag hier vir ons ouers vra om asseblief vir DF (leerders, personeel, Beheerliggaam en ouers) in u gebede te dra - ons het u voorbidding steeds baie nodig. Die feit dat hierdie versoek jaarliks herhaal word, maak dit nie minder dringend nie - inteendeel, dit word myns insiens al hoe BELANGRIKER: Sal u as ouers en ander lesers asseblief vir DF in u gebede bly dra?

8. TEN SLOTTE

Ons hartlike dank aan

- mnr. Lamprecht, ons Onderwys-Ontwikkelingsbeampte, vir toewyding en vriendelike ondersteuning;
- die personeel van die Distrikskantoor;
- die Oos-Kaapse LUR, mnr. Qwase, vir sy werk;
- soveel lojale ouers: julle betrokkenheid - deur o.a. die OOV en die Ondersteunersklub - asook julle voorbidding, hulp met toesig en afrigting en vervoer, ens., ens. beteken vir ons baie;
- die Beheerliggaam vir vir harde werk, opoffering en ondersteuning;
- lede van Beheerliggaam-komitees vir onbaatsugtige hulp;
- donateurs, borge, adverteerders en weldoeners uit sake-, kerklike, oudleerder- en ouer-geledere (o.a. ook die “voogde” van die Dieter Scholtz leerders);
- ons sport-organiseerder, bemarker en media-konsultant vir goeie en lojale werk;
- ons voorman en terrein-personeel vir soveel harde werk wat so maklik ongesiens verbygaan;
- die administratiewe personeel vir volgehoue vriendelikheid, dikwels onder kwaai werkdruk;
- ons personeel vir harde werk, dikwels onder moeilike omstandighede, asook aan julle ondersteunende gades;
- elke Malherbiet, die mense om wie alles tog maar gaan, vir die manier waarop julle alles die moeite werd maak;
- ons genadige Here wat deur sy liefdevolle genade ons nog steeds dra, want DF kon weer die afgelope jaar, soos die vorige 54 jaar, ervaar

Die ewige God is ‘n skuilplek,
sy arms is altyd onder jou.
Deut. 33 : 27

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

1 DESEMBER 2009

One of the most important things a teacher can do
is to send the pupil home in the afternoon
liking himself just a little better than
when he came in the morning.

ERNEST MELBY

My heart is singing for joy this morning.
A miracle has happened!
The light of understanding has shown
upon my little pupil's mind,
and behold,
all things are changed.

ANNE SULLIVAN